Publication: BeeldMetroNoord (Main)
Publication Date: 24 Jul 2019
Page: 6
AVE: 43234.15
Circulation: 45000
Part: 1 of 1

Sport

Karateka kry brons by Afrika-byeenkoms

Wilhelm de Swardt

Een van die gedagtes wat by 'n mens opkom wanneer daar aan karate gedink word, is van amper bomenslike mense wat meters deur die lug kan vlieg, houe en skoppe vinniger uitdeel as wat die blote oog kan volg en boonop oor ongelooflike pyndrempels beskik.

Die wanopvatting is grootliks te wyte aan die verbeeldingsvlugte van sekere Hollywood-regisseurs.

Die werklikheid omtrent die sport is ietwat anders. Meghan Booyens, Tuks se karate-afrigter, sal daarvan getuig. Op die onlangse Afrika-kampioenskap in Gaborone het sy 'n bronsmedalje verower. Dit het nie gebeur omdat sy oor bonatuurlike magte beskik nie. In elkeen van haar gevegte moes sy dink voor sy doen. Sy was gelukkig as een of twee van haar houe of 'n skop op een slag haar teenstander skoon getref het.

"In karate gaan alles oor fiksheid en tegniek. 'n Goeie karateka is een wat voor daar 'n hou geslaan of geskop word klaar in sy kop uitgewerk het hoe hy die teenstaander moontlik kan kelder en reeds beplan wat volgende moet gebeur.

"Skoppe tel meer punte, maar die risiko is soms groter. As jy mis, kan jou teenstander vinnig punte met 'n teenaanval aanteken. Daarom maak ek meer op houe staat om punte gedurende gevegte op te stapel," sê Booyens.

Karate is van aanstaande jaar die eerste keer 'n Olimpiese sport. Booyens droom daarvan om te kwalifiseer, maar sy erken dat dit nie maklik gaan wees nie. Om een van die wêreld se bestes te word verg dat sy byna elke dag ongelooflike selfdissipline en toewyding aan die dag moet lê.

"Die uitdaging is om myself byna elke keer wanneer ek oefen, harder as die vorige keer te druk. Wanneer ek aantree om deel te neem wil ek nie vir 'n silwer- of bronsmedalje veg nie. Dit is goud wat saak maak."

Dit is dan ook nie 'n verrassing nie dat Booyens inspirasie put uit die filosofiese gesegde dat harde werk en toewyding 'n groter waarborg op sukses gee as net blote talent.

Soos die geval met die meeste kleiner sporte is Booyens se frustrasie ook 'n gebrek aan geld om gereeld internasionaal te kan deelneem.

"Die enigste manier waarop ek kan verbeter, is om teen ander lande se karatekas deel te neem, want hul gevegstyle verskil van dit waaraan ek gewoond is."

Een van haar grootste uitdagings is om elke dag genoeg minute te vind om alles te doen wat gedoen moet word – sy werk voldag en sy rig ook af.

Haar passie het daartoe gelei dat Tuks op die onlangse Suid-Afrikaanse Studentekampioenskap vier goue medaljes, een silwer- en vyf bronsmedaljes verower het.

Die Tuks-karateka Meghan Booyens het by die onlangse Afrika-kampioenskap 'n bronsmedalje gewen. Foto: REG CALDECOTT

This article is copyright protected and licensed under agreement with DALRO. Redistribution, modification, re-sale of this is not allowed without prior written consent of the original author of the works.